# BOEKBESPREKING

Rudolph Smend, **„Die Mitte des Alten Testaments", Theologische Studien**, Heft 101, EVZ-Verlag, Zürich, 1970.

Met hierdie kort werkie van slegs 59 bladsye kom die bekende reeks waarvan Karl Barth die vader was, in 'n nuwe baadjie na sy lesers. Sedert die begin van die vorige eeu het wetenskaplikes dikwels probeer om 'n middelpunt van die Ou Testament te vind. D.w.s. hulle het meermale gepoog om 'n sentrale tema aan te dui waarvolgens die Ou Testament benader en verstaan moet word. Die vraag is nou of daar werklik so 'n middelpunt aangedui kan word, en indien wel, wat is die middelpunt?

Die eerste deel van die boekie is aan die eerste deel van hierdie vraag gewy. Daarin toon Smend oorsigtelik maar deeglik aan hoe daar deur die wetenskap gesoek is na 'n sentrale punt vir die Ou Testament en hoe daar 'n wending gekom het met die werk van Gerhard von Rad. Von Rad wil nie van 'n middelpunt weet nie; hy gaan uit van die Ou Testament as 'n versameling van verskillende teologieë uit verskillende tye (m.i. heeltemal tereg). So word dit vir hom onmoontlik om na 'n middelpunt te soek. Maar Smend meen dat die teologie van die Ou Testament vandag weer die taak het om na die middelpunt te vra. Von Rad se werk, wat hy self as 'n oorgangsfase beskou, gee indirek daartoe die aanleiding. Want juis die „Mannigfaltigkeit" van die Ou Testamentiese getuienisse maak die vraag na hul **samehang** dringend.

In die tweede deel van die boekie kom dan die vraag na vore: Wat is die middelpunt van die Ou Testament? Weer volg 'n oorsig van die voorstelle van die teologiese wetenskap (bv. die verlossing, die monoteïsme, die Verbond ens.). Smend se standpunt is dat **Jahwe** die God van **Israel** vir die kerk 'n besondere betekenis het. Die God wat Jesus opgewek het, is die God van Israel, die God van die Ou Testament, en van hieruit gesien, staan in die middelpunt van die Ou Testament nie 'n Joodse Wêreldgod nie, maar die God van Israel. Die name Jahweh en Israel word nou as't ware in die Nuwe Testament deur die naam Jesus Christus vervang. Want in Hom het die bond van God met Israel tot sy volheid gekom sodat dit nie meer alleen die vorm van 'n belofte dra nie.

Hiermee kom Smend dan m.i. tot dieselfde konklusie as Procksch en Vriezen: Alle teologie is Christologie. En daarom is samewerking van die teologie van die Ou Testament en dié van die Nuwe Testament 'n noodsaak, hoe moeilik dit ook in die praktyk sal blyk te wees.

J. A. Loader.

W. Aalders, **Schepping of Geschiedenis,** Den Haag, 1969, 171 bladsye.

By die aanhoor van die titel van hierdie werk is 'n mens nog volkome in die duister oor wat die inhoud daarvan sal wees, maar reeds by die lees van die subtitel word dit duidelik waarop die skrywer wil afstuur. Dit gaan vir hom oor die teenstelling tussen die christelike hoop en die moderne vooruitgangsgeloof. Ná die kritiek wat gelewer is op die publikasie, „In verzet tegen de tijd" en „Theologie der verontrusting", wil die skrywer hom in hierdie werk, minder polemies, rig teen die „verwêreldliking" van die teologie en die geloof.

Hierdie werk is 'n ondersoek na aanleiding van 'n aantal uitsprake in die Hebreërsbrief, waardeur die skrywer sy tema belig en waarop hy sy opvattinge grond. Hy gaan uit van die vooronderstelling dat die term „wêreld" 'n uitdrukking is vir „doodsproses". Die kosmos het, volgens hom, in 'n disintegrasie-proses beland; dit het beweeglik, veranderlik, onvas, verganklik geword. Die tydsgebeure is geen voorwaartse beweging nie, maar 'n agteruitgang. Geskiedenis is ont-skepping, dit maak die orde, die skoonheid, die sierlike vorm van die skepping tot verlede. Geskiedenis bring daarom dood, verval en verwoesting van die goeie skepping van God.

Uit hierdie verval en doodsproses roep God die mens terug na die orde en sabbatsrus wat voor die sondeval en geskiedenis in die skepping bestaan het. Daarom, beweer die skrywer, kom die oproep tot „uittog" en „terugkeer" so dikwels en so sterk in die Skrif na vore. Hy wys daarop dat die woord Hebreër afgelei is van **heber** = oorkant. 'n Hebreër is dus iemand wat op pad is na die oorkant, besig met die uittog uit hierdie vervalle wêreld, uit hierdie dodende geskiedenis en wat terugkeer na die oorspronklike, vaste, ewige en ordelike skeppingswerklikheid, dit is die hemelse werklikheid.

Aanvanklik het God deur middel van engelopenbaring in wet en mite Israel en die volke teruggeroep na die sabbatsrus van die skepingsorde. Die mite en die wet het 'n remmende invloed op die geskiedenis en verval uitgeoefen. Deur die Christusgebeure egter het God in die geskiedenis ingetree om beslissend 'n einde te maak aan die geskiedenis en die proses van dood en verval. Daardeur is die mens vertikaal gerig op die hemelse werklikheid sodat hy daarin sy heil en sy rus sal soek, en nie op die tydslinie en die verlenging van die geskiedenis nie. Die horisontale tydsbewussyn van die mens moet nou plek maak vir die vertikale bewussyn.

Die wederkoms van Christus is daarom ook 'n minder belangrike heilsfeit as sy hemelvaart. Deur sy hemelvaart het Hy die eersteling geword van hulle wat as vreemdelinge in hierdie wêreld besig is met die uittog na die Godstad en die terugkeer na die tydlose, ewige, standvastige en onveranderlike Koninkryk, na die hemelse werklikheid. Die Christusgebeure bring die herstel van die skepping en is vir eens en vir altyd die tot-nietmaak en die einde van die geskiedenis as doodsproses en verval. Die kerk van Christus deel nou reeds in hierdie nuwe heerlikheid waarvan die voleinding seker is in die verhoogde Heer en nie in die verlenging van die geskiedenis nie.

Die skrywer slaag ongetwyfeld daarin om sy tema deurgaans in die fokuspunt van sy argumentasie te hou en belig dit van verskeie kante. 'n Mens kan nie anders as om met aandag te lees en deur die duidelike en boeiende skryftrant vasgevang te word nie.

Dat die skrywer 'n aantal aanvegbare stellinge maak, bv. oor openbaring deur die mite en geskiedenisbeskouing, neem nie weg dat dit die moeite werd is om hierdie werk met aandag te lees nie. Dit is inderdaad 'n kragtige verdediging van die Bybelse Evangelie en die evangeliese geloof en hoop teen die tendense van sekularisasie in die „nuwe" teologie van ons tyd wat God dood wil verklaar en alle hoop en verwagting na bo wil uitblus en as meta-fisies wil verwerp.

Hierdie werk word aanbeveel al sou dit slegs wees ten opsigte van die prikkelende uitwerking op die leser en nuwe vergesigte wat dit bied.

G. M. M. Pelser.

**Theologische studen 102.** Begründet von Karl Barth.

Herausgegeben von Max Geiger, Eberhard Jüngel, Rudolf Smend E.V.Z. — Verlag Zürich 1970 61 pp.

Hierdie uitgawe van bg. studiereeks sê oor die reeks self: „Theologische Studien sind Versuche. Sie sollen der Kirche helfen: zur erkenntnis ihres Grundes und ihrer Bestimmung, zur Wahrnehmung ihrer Verantwortung, zur Freude an der „Menschlichkeit Gottes". Durch wissenschaftliche Anstrengung solche Hilfe zu leisten, ist gerade heute notwendig. Je besser es der Theologie gelingt, Theologie zu sein, um so mehr werden ihrer Wirkungen unserer Zeit zugute kommen."

Die voorafgaande 101 uitgawes se titels word dan ook agter in die 102de uitgawe aangedui, met opgawe van die betrokke outeurs. Dit skyn asof 'n enkele outeur 'n hele uitgawe versorg. Die outeurslys is indrukwekkend, met name soos o.a. Karl Barth,

Oscar Cullman, Hermann Diem, E. Schweizer, E. Thurneysen, R. Stauffer, as mede Geiger, Jüngel en Smend, wat herhaaldelik voorkom. Die lys publikasies kan ook van die uitgewers bestel word.

Die aan ons toegesonde deel is deur Klaus Schwarzwäller: **Die Angst — Gegebenheit und Aufgabe.** Dit is geskryf na aanleiding van 'n hele paar voorlesings met die tema: Bepaal die angs die lewensgevoel en lewenskrag van die hedendaagse mens? Die referente was 'n teoloog, 'n medikus en 'n filosoof. Schwarzwäller het dan die lesings met 'n teologiese voordrag ingelei — 'n saak met groot probleme, omdat daar maklik in ander vakgebiede oorgegaan kan word as mens na die wese en verskyningsvorms van die angs begin vra.

Die groot probleem veral vir 'n teologiese benadering, is om baie duidelik te bepaal wat angs is, en in hoeverre dit dan lewensverskynsel by die mens teologies relevant is. Want 'n kortpad tot grote vertroebeling van die saak is die gebruik wat baie keer aangetref word om nl. die angs te gebruik ten einde 'n „regte" geestelike klimaat te skep deur oordeelsdreiging en doemprediking alvorens dan uiteindelik die „redmiddel", Jesus Christus, voor te hou, uit hierdie aaklige dilemma wat doelbewus geskep is. Dergelike benadering van die saak val onder die bepaalde gesigspunt „Auch du brauchst Jesus", wat inhou dat die angs die aanknopingspunt word vir die Christelike boodskap en verkondiging. Die moontlikhede vermeerder met so 'n uitgangspunt: Jesus is 'n universele heilmiddel teen die groot euwel, angs, wat so 'n geweldige rol speel in die lewe van mense. Jesus is dan „Allheilmittel gegen die Angst", en word die angs gesien as 'n euwel in moralisties-teologiese sin wat oorwin moet word deur die geloof in Jesus. Schwarzwäller toon hier die omvang van 'n bepaalde sisteem aan, lig dit toe met voorbeelde en stel duidelik die Reformatoriese visie hierteenoor „Er braucht uns". En wel omdat die Heer mense **wil** gebruik „seine Herrschaft auf Erden durch das Reden und Handeln seiner Gemeinde auszuüben, also durch Dienst und Zeugnis".

Nietemin vermy hy nie die konkrete verskynsel van die angs in hierdie wêreld nie — ook nie wanneer mens aan die posisie van die gemeente dink wat in hierdie wêreld sonder God moet optree in naam van 'n onsigbare God nie — en dan laat die Christelike begrip van gehoorsaamheid aan die Heer tog geen alternatief nie. Is hier nie weer 'n ander soort angs te bespeur in die moedige optrede van die gemeente nie? Hy analiseer nietemin die verskynsel van die angs, onderskei tussen angs en vrees — lg. „objektbezogen", toon o.m. die rol van die onsekerheid, die

onbekende gevaar, die hulpeloosheid van die mens, die verband tussen lyde en vrees (sonder om vir ons gevoele van lyde en lyding veel onderskeid te maak.) Die bewus word van 'n mate van beknoptheid wat in dele II en III van die kort boekie ons opval, is te begrype as mens rekening gaan hou met die feit dat hier geen psigoloog aan die woord is nie en dat dit nie die doel is om oorsake, neurose self en gevolge te gaan ontleed nie.

Ons het waardering vir sekere aktuele omstandighede wat hy aanhaal in 'n wyere opset, soos bv. F. D. Roosevelt se 1941 deklarasie van o.m. „vryheid van vrees", en die invloede op die menslike lewe in 'n atoomeeu en tegnologiese tydperk, sonder om hierin enigsins populêr-wetenskaplik te begin skrywe, en dat hy tog die strakheid van 'n teologiese opset handhaaf.

Nietemin, van hierdie duidelike bepaling en omskrywing van wat die angs is waarom dit hier gaan, hierdie angs ook met sy spesifieke biologiese en antropologiese funksie, hang dit af of mens begrip gaan hê vir uiteindelike stellings soos: „Einfachhin die Überwindung der Angst sich zum Ziel zu setzen, ist wider das Evangelium und unmenschlich". Die gemeente van Christus sal uiteindelik op drieërlei konsentreer: „auf Aufklärung, auf die Auflösung kurzgeschlossener Angstmechanismen, auf das Bestehen der Angst."

Dit was o.i. nodig om sekere dinge soos dit hierbo gesê is, effens skerp te omlyn, juis omdat hierdie onderwerp, wat andersinds so maklik deur lesers populêr-wetenskaplik gesien en begryp wil word, beslis nie so bedoel en gegee is nie. Wel is ons van mening dat pastorale arbeid sal baat by die deurlees van hierdie uitgawe.

C. J. Viljoen.

Prof. dr. A. F. N. Lekkerkerker, **Nieuwe Theologie,** Boekencentrum N.V. 'S-Gravenhage 1968. 261 bladsye.

Die werk van Lekkerkerker is by ons nie onbekend nie. Hierdie publikasie dra opnuut by tot die waardering wat daar vir hom gekoester word en dit sal elke teoloog die moeite loon om hierdie boek ter hand te neem.

By die lees van die werk het onwillekeurig by my die vraag opgekom waarom hierdie titel aan die boek gegee is? Miskien is die leemte aangevoel en daarom is 'n byskrif as noodsaaklik geag, en dié lui: Schets van de theologische situasie. Kritiek teen die titel kan geopper word omdat die werk 'n verkenningstog van die verskillende strominge vanaf die 18e eeu behandel. Die byskrif kwalifiseer die werk korrek. Die huidige teologiese situasie

het ontwikkel uit die verskillende strominge. Die invloed van verskillende teoloë soos Barth (wat die toneel oorheers het) Brunner en ook Bultmann, Thurneysen en andere is aan die orde van die dag.

Uit die werk is dit opvallend dat 1961/3 'n uiters belangrike rol speel omdat dit die periode is waarin die „God-is-dood-kreet" gebore is.

'n Mens kan nie anders as om bekommerd te wees as jy die werk van Lekkerkerker lees nie. Dit word so duidelik hoedat ons hier nie maklik ongeskonde bly tussen al die strominge nie. Die invloed is so groot. Probleme wat daar ontstaan, word hier ook probleme, die sake wat daar op die voorgrond kom, oorheers spoedig die toneel hier. Om net enkele voorbeelde uit sy boek te noem: Die nuwe vrae wat in die laaste paar jare gevra word rondom die apostolaat van die kerk, die kry ons by hulle ook terug — of is dit anders om? Die vrae wat gevra word oor die liturgie — vernuwing al dan nie — is ook nie vreemd nie.

Gelukkig vir ons het Bultmann c.s. nie by ons eintlik inslag gevind nie en so ook nie Harvey Cox en sy geesgenote se gedagtes nie. 'n Laaste voorbeeld: Hoofstuk 15 handel oor: Herstructurering van de theologische studie? Nog pas in verlede jaar het die saak aandag by die Algemene Kerkvergadering geniet.

By ons rus daar 'n taak — en dit is, om die pen op te neem! Lekkerkerker se werk sal hierdie verpligting opnuut onderstreep en daarvoor moet ons hom dankbaar wees. Hy gee nie net 'n relaas van ontwikkeling nie, maar telkens poog hy om 'n mening uit te spreek oor die sake. Dit is goed om kennis te neem van die werke.

D. J. Booysen.

Prof. dr. H. Berkhof e.a., **Voorrang aan de Toekomst, 'n keuse uit die werk van Dr. J. M. de Jong,** uitgeverij G. F. Gallenbach N.V. Nijkerk 1969. 240 Bladsye.

'n Aantal vriende van Ds. J. M. de Jong, in lewe rektor van die Teologiese Semenarium van die Nederlandse Hervormde Kerk te Driebergen, het na sy dood in Oktober 1968, besluit om 'n aantal van die artikels wat hy geskryf het saam te bundel. 'n Paar redes word wel aangevoer vir die besluit: Dit is algemeen moeilik bekombaar, en seker die belangrikste: „dit is pas teologie vir ons tyd."

Die eerste artikel is uit die pen van Prof. dr. H. J. Heering, 'n biografiese skets van de Jong. Dit is bykans vanselfsprekend dat so 'n skets wel in die bundel opgeneem sou word. Die skets

is nie oorlaai met allerlei feite oor die lewensloop van de Jong nie, maar dit is in der waarheid 'n skets, sodat die breë lyne getrek is, en 'n oorsigtelike beeld aangebied word en wat meer is, dit lees vlot, sodat die hele skets wel gelees word!

Die laaste stuk in die bundel is 'n preek oor 1 Kor. 3:21-23 deur de Jong, gehou in Oktober 1959.

Dit bly by my nog altyd 'n probleem of daar veel sin in is om 'n preek wat in werklikheid al „oud" is te publiseer, veel erger nog, om 'n aantal preke van 'n afgestorwene te publiseer! Ek twyfel of dit enigsins regverdig is teenoor die prediker en ook die leser! Daar mag talle redes voor aangevoer word, maar dit mis altyd aan aktualiteit ,want 'n preek is nie tydloos nie, want die prediker is dit ook nie. Dit gaan per slot van rekening daarom dat ons in die woorde van Barth sou kan sê: Was sagt mir dass?

Om terug te keer tot die preek van de Jong: By ons word daar wel anders gepreek. Daaroor durf ek hom nie verkwalik nie. Ook inhoudelik dink ek sal dit by ons anders daar uitsien. Om maar net na een aspek te verwys: Anekdotes soos ons in dié preek aantref word by ons eintlik vermy. Ek het die „preek" geniet!

Die samestellers het geponeer dat die artikels van de Jong pas teologie vir ons tyd is. Hierdie aanspraak word geregverdig by die lees van die artikels. Die subjektiewe lê natuurlik daarin dat die eie belangstelling hierdie artikels aktueel gaan maak! Indien daar egter geen belangstelling is vir die terrein wat gedek word nie — nou ja!

Ek sonder een artikel uit: Bijbel en Mithe — 'n artikel wat oorspronklik in 1963 gepubliseer is. In die artikel word oorsigtelik aandag gegee aan die „ontmitologisering van die boodskap van die N.T." deur die Duitse N.T. Rudolf Bultmann. Vir Bultmann is die mitologiese nie geleë in die inhoud nie, maar in die denktrant, die voorstellingswyse. Dit is vir hom die voor- wetenskaplike benadering van die werklikheid waarin eksistensie en natuur, leuensin en geskiedenis, openbaring en die tydruimtelike nog ongedifferensieerd, nog naïef-realisties deureen lê — 50.

Dit is verder 'n ope vraag of die bundel verteenwoordigend is van die werke van de Jong. Eers wanneer alles wat hy geskryf het onder oë geneem is sal so 'n vraag beantwoord kan word.

Die bundel is in elk geval die moeite werd om te besit, en sekerlik om te lees.

D. J. Booysen.

Dr. K. H. Miskotte, **Miskende Majesteit,** G. F. Callenbach N.V. Nijkerk 1969.

Die bundel bevat 'n twaalftal preke deur Miskotte. Hierdie preke is in een bundel byeengebring deur H. Berkhof en A. Otter, as blyk van waardering teenoor Miskotte by geleentheid van laasgenoemde se 75ste herdenking van sy geboortedag. Die preke is gehou in Amsterdam, op band opgeneem en verwerk om dit leesbaarder te maak. Opsommenderwys kan gestel word dat sy tekste geneem is: 2 uit die Psalmboek, 1 uit Jesaja, 2 uit Jeremia, 2 uit die evangelies, (Lukas en Johannes) 2 uit die briewe van Paulus (2 Kor. en Filip.) en drie uit die Openbaringe van Johannes.

By die lees van die preke is 'n paar aspekte opvallend. Die eerste is dat elke preek 'n titel het, hy stel dit self as 'n noodsaaklikheid: „het ding moet toch een titel hebben" (bl. 124). Dit kan vreemd wees, en ook selfs misleidend! Die gevaar van enige temaprediking is juis dat die tema bespreek word terwyl die teks links gelaat word, of as kapstok diens moet doen. Dit is een rede waarom ek nie voorkeur kan gee aan dié soort prediking nie.

'n Ander opmerking wil ek maak na aanleiding van 'n opmerking op bladsy 54: „. . . de inhoud van onze verkondiging is Jesus. Van Boodschapper wordt Hij de Geboodschapte, van de Verkondiger de Verkondigde." Dit is korrek. Nou kan ek nie heeltemal insien waarom al die preke nie Christosentries is nie! Ek verwys byvoorbeeld na die eerste preek: Levende Ernst. Miskotte kan dit wel doen, en goed doen, soos die sesde preek voorbeeld van is.

Ek het die aktuele inleiding telkens geniet. Die gevaar kan net wees dat 'n mens te breedsprakerig daaroor kan word; dit doen hy gelukkig nie altyd nie. Van die Duitse teoloë gee voorkeur daaraan om sondermeer met die eksegese van die teks te begin. Enkele kere kom Miskotte ook baie na aan dié navolgenswaardige voorbeeld. Sy preek oor Openbaring 1:7 (die 10de preek) is daar goeie voorbeeld van.

Dit was 'n mooi gebaar om op dié wyse Miskotte te vereer: Hy is self aan die woord gestel, maar dan nie om van homself te getuig nie, maar van die Een waarvan ons almal getuies mag wees.

D. J. Booysen.

A. J. Jörg, **Wat gaan ons de Toekomst aan?** Boekencentrum N.V. 'S-Gravenhage 1968, 336 bladsye.

Jörg het in 'n werk wat gemaklik lees enkele vrae aan die orde gestel. Aanvanklik is die stof in 'n reeks voordragte behandel en is dit later verwerk om in boekvorm te verskyn. Vir hom gaan dit in die werk om die toekoms. Hy lê die besondere nadruk op die aandeel van die gewone man aan die toekoms. Dit bring mee dat hy poog om antwoord te gee op vrae soos: Wat kan die man op straat eintlik vir die toekoms doen? Wat is sy verantwoordelikheid in die verband?

In 'n sestal hoofstukke gee hy aandag aan die toekoms as uitdaging en opdrag: die robot, die veredelde mens, kernenergie, 'n spookbeeld of seën, 'n wêreld vol wolke en ten slotte: Speel nie met die mens nie.

Hy poog om die situasie onder oë te neem tot die jaar 2000. Belangrik in dié verband is dat hy dit doen terwyl hy bewus is van die feit dat toekomstige feite nie feite is nie, hoogstens kan hulle waarskynlike feite wees.

Dit is seker nie die bedoeling van enige outeur dat daar volkome met hom saamgestem sal word oor alles wat hy sê nie. Jörg het egter 'n paar opmerkings gemaak waaraan ons aandag kan gee.

In die huidige situasie sonder hy naamlik 'n paar aspekte uit wat hy positiewe aspekte noem, bv. dat deur die natuurwetenskaplike ontwikkeling en die tegniese toepassing daarvan die mens nie meer soveel afhanklik is van die natuur nie, maar het die mens ontwikkel in 'n natuurbeherende samelewing. Die ontwikkeling het ook meegebring dat die aarde as middelpunt van die heelal gesien word.

Negatief is vir hom dat die sogenaamde gesagskrisis vererger is ‚door een schuldige instelling van de kerken tegenover de wetenschap. Zij verdedigden hun verouderd wêreldbeeld hardnekkig tegen het wetenschappelijk vernieuwde wêreldbeeld . . ."

Jörg stel dit dat hy geen teologiese pretensies het nie. Dit is miskien daarom dat hy so 'n stelling kan maak. Die stelling gaan tog nie op nie.

In die werk word teologiese aspekte aangeroer. In die laaste hoofstuk gee Jörg heelwat aandag hieraan. Met die siening van die veelheid van die kerke en die ekumeniese strewe kan nie sondermeer saamgestem word nie. Die besondere in die hoofstuk lê egter in die bespreking van die mens as gelowige in die wêreld. Diegene wat belangstelling het vir die probleem van

buitekerklikheid moet kennis neem van die inhoud van hierdie besondere hoofstuk. Met begrip vir die situasie waarin die mens midde in die kerklike massa as deel van die groot maatskaplike geheel hom bevind, word die mens se posisie bespreek. Hy kom ten slotte tot 'n werkprogram vir die gemeente want die eintlike vraag is vir hom: „Here, wat wil u hê moet ek doen?"

D. J. Booysen.

Fritz Schmidt — Clausing, **Zwinglis Humor,** Verlag Otto Lembeck, Frankfurt am Main 1968; 46 bladsye.

Die outeur wil met hierdie klein, goedversorgde werkie, aantoon dat Zwingli ook maar 'n gewone mens was. Hy stel dit ook dat daardeur beter begrip gekweek kan word vir Zwingli.

Die skrywer volg in die voetspoor van etlike ander skrywers waarin daar gepoog is om die humor in die Bybel aan te dui, of dié van ander Reformatore.

Vir hom is humor die lag met 'n traan, of soos Bierbaum dit gedefinieer het: „Wanneer 'n mens nogtans lag."

Humor is nie net komies nie, en is 'n besondere gawe: „Man hat ihn oder man hat ihn nicht." Dit is te waardeer wanneer iemand oor die gawe beskik en Zwingli sou glo nie veel trek gehad het vir persone wat humorloos is nie.

Zwingli het onder die begaafdes getel en die skrywer toon aan (onder verskillende hoofde) waaruit dit bestaan het. Besondere elemente in sy humor was die satire, ironie, woord- en naamspeling en dergelike meer. Besonder belangrik was dit dan ook dat Zwingli oor die humor van die geloof beskik.

Of die skrywer heeltemal daarin geslaag het om aan te toon dat Zwingli oor 'n sin van humor beskik? Moontlik ja. Nietemin bly daar die probleem dat 'n mens oor 'n goeie kennis van Zwingli en sy tydgenote moet beskik om die werkie na behore te kan waardeer omdat daar nie altyd breedvoerig ingegaan is op die agtergrond van die humoristiese situasie nie. Dit is ook so dat teveel beskrywing van 'n situasie die humor daarin doodmaak.

Diegene wat 'n besondere belangstelling het vir die persoon van Zwingli, kan nietemin die werk ter hand neem.

D. J. Booysen.

Fritz Schmidt — Clausing, **Zwinglis Kanonversuch**, Verlag Otto Lembeck, Frankfurt am Main 1969. 110 bladsye.

Dieselfde outeur het ook 'n ander werkie die lig laat sien. Dit begin met 'n voorwoord waarin die outeur 'n uiteensetting gee waarom die werk gepubliseer word.

Die werk is te verwelkom. Hierin word 'n vertaling aangebied van Zwingli se geskrif en daardeur word dit toeganklik vir 'n baie groter getal lesers. Hy stel dan ook: „Unser Unternehmen will zuerst den Freunden der Reformationsgeschichte, besonders auch den werdenden Theologen und Historikern nützlich sein."

Zwingli word deur die vertaler beskou as die groot Hervormer wat die grootste bydrae gelewer het op liturgiese gebied: „Zwingli war die Liturgiker unter den Reformatoren!"

Ek gee nie verder aandag aan die vertaling van Zwingli se werk self nie, behalwe deur te volstaan met die opmerkings dat dit duidelik word by die lees daarvan waarom daar so 'n groot bewondering vir Zwingli se opvattings by die vertaler bestaan.

Met sy opmerking dat hy dit ook ruimskoots van kommentaar voorsien het, gaan ek nie akkoord nie. Hy het hoogstens enkele kantaantekeninge aangebring.

D. J. Booysen.

Bernhard Klaus, **Massenmedien im Dienst der Kirche. Theologie und Praxis.** Walter de Gruyter, Berlin, 1969. 215 pp. Ongeveer R2.

Die boek bestaan uit twee dele, nl. A. Intermediêre kommunikasie as teologiese probleem en B. die media en die praktyk van intermediêre kommunikasie.

Hieruit is dit reeds duidelik dat die probleem gaan om intermediêre kommunikasie, d.w.s. kommunikasie — waaronder ons hoofsaaklik die oordra van die evangeliese boodskap en daarmee gepaardgaande sielsorg moet verstaan — anders as deur die direkte persoonlike kontak tussen mense. Probleem van hierdie boek is daardie intermediêre kontak wat geskied d.m.v. die massamedia, nl. pers, radio, beeldradio en telefoon.

Die teologiese probleem gaan om die fundering en metode van 'n verkondiging wat op so 'n intermediêre wyse geskied. Hier wys die skrywer eerstens op die geweldige rol wat die geskrewe woord gespeel het in die totstandkoming en verbeiding van die Kerkhervorming. Hy gaan dan verder met die drie hoofmomente van die kommunikasie-verhouding, nl. die kommunikeerder, wat gekommunikeer word en die ontvanger van die kommunikasie. Die volgende onderdeel gaan oor die kommunikasie self, die verhinderinge van die kommunikasie en die informasie wat meegedeel word.

In die praktiese deel behandel hy dan die pers, radio, beeldradio en telefoon afsonderlik. Elkeen van die media in hulle verskillende vorms van aanwending, probleme en voordele word bespreek.

Ondergetekende beskou hierdie boek as besonder belangrik en insiggewend, spesifiek vir ons in Suid-Afrika. Die boek is wel geskryf teen 'n Europese en spesifiek Duitse agtergrond, maar waar ons prakties geen literatuur van ons eie oor die onderwerp het nie, moet ons van buitelandse literatuur gebruik maak. Wat die waardevolle van die boek is, is sy teologiese fundering, maar veral die praktiese gebruik wat hy uiteensit. By ons — en volgens die boek ook in Europa — is die kerk se houding een van agterdog en selfs afkeur teenoor die massamedia; ons is altyd geneig om op die bederwende invloed van die massamedia te wys. Die skrywer sluit nie sy oë hiervoor nie, maar gaan van die standpunt uit dat die massamedia een van die verskynsels van ons tyd is, dat dit in invloed sal toeneem en dat dit 'n ewe magtige middel in die hande van die kerk kan wees as in die hande van die wêreld. Die kerk moet daarom daarvan gebruik maak. Met die pers en radio reeds lankal by ons en beeldradio net om die hoek is dit dringend noodsaaklik dat ons Kerk 'n behoorlike studie van die massamedia en hulle optimale aanwending vir die doel van die Kerk moet maak. In hierdie studie sal hierdie boek 'n goeie rol kan speel.

P. S. Dreyer.

Prof. C. K. Oberholzer, **Prolegomena van 'n prinsipiële Pedagogiek.** H.A.U.M., Kaapstad, s.a. 1968. 424 pp.

Hierdie boek is 'n belangrike gebeurtenis op geesteswetenskaplike gebied in ons land. Soos die titel aandui, is dit 'n werk op die gebied van die pedagogiek, in besonder die prinsipiële pedagogiek. Ondergetekende is geen opvoedkundige nie en maak geen aanspraak op enige gesag in hierdie gebied nie, maar een ding is baie duidelik: prinsipiële besinning oor die pedagogiek wat in die toekoms nie kennis neem van hierdie werk nie — hetsy instemmend, hetsy afwysend — sal onder 'n groot vraagteken geplaas moet word.

Ondergetekende kan wel meepraat oor die filosofie en dit is veral in hierdie lig wat die werk van prof. Oberholzer hier na vore gebring word:

Omdat die werk gaan oor die prinsipiële opvoedkunde, moet die skrywer homself rekenskap gee oor veral die vrae na die aard van die pedagogiek as wetenskap, die metode van die wetenskap en die fundering daarvan.

Waar die skrywer die pedagogiek as wetenskap behandel, is dit noodsaaklik dat hy oor wetenskap, spesifiek geesteswetenskap, as sodanig sal handel. Dit doen hy op so 'n indringende wyse dat sy werk 'n baie belangrike bydrae word tot die wetenskapsleer in die algemeen, maar veral die wetenskapsleer van

die geesteswetenskappe. Waar die geesteswetenskappe in ons land baie dikwels beoefen word vanuit 'n bepaalde lewensopvatting, sodat die bepaalde wetenskap na vore tree as kampvegter van die lewensopvatting, daar moet ons prof. Oberholzer dankbaar wees vir die helder en indringende wyse waarop hy wetenskap as beskrywende en verklarende aktiviteit beskrywe.

Ten opsigte van die metode gee die skrywer nie net 'n deeglike hoewel gekondenseerde uiteensetting van die fenomenologiese metode nie, maar is sy beskrywing van die fenomeen van opvoeding 'n pragtige voorbeeld van hoe fenomenologies te werk gegaan word.

Prof. Oberholzer is nie net die voorste eksponent van die fenomenologie in ons land nie, maar ook van die wysgerige antropologie en dit is juis in die fundering van die pedagogiek waar die wysgerige antropologie na vore kom. Die pedagogiek het wesenlik te doen met die opvoedingsfenomeen as 'n spesifiek en wesenlik menslike aangeleentheid, sodat die wysgerige antropologie 'n beslissende rol in die fundering van die pedagogiek speel.

Hoewel die werk oor die pedagogiek handel, is veral die aspekte wat hier genoem is van eweveel betekenis vir die ander geesteswetenskappe.

P. S. Dreyer.